



## Chairman's Report: 2018 – 2019

*An overview by Mr. Guillau du Toit, National Chairman,  
National Woolgrowers' Association of SA (NWGA)*

Geagte voorsitter, Dr Cronjé, pryswenners, gaste, personeel, borge en kongres.

Boerdery in vandag se tyd is nie maklik nie. Ek weet nie of dit ooit voorheen maklik was nie, maar die omgewing het kompleks geword met politieke aktiviste, groen aktiviste, ekonomiese onstabiliteit, korruksie, en so kan ons voort borduur.

Daarom is dit belangrik om rolmodelle te hê en wie beter as Salomo van ouds met sy bybelse wyshede. Salomo het krisisse en sukses beleef, maar sy nimmereindigende wysheid van ons Hemelse Vader gekry, want hy het daarvoor gevra.

Teks: 1 Konings 3:9 – Gehoorsaamheid en insig.

Daarom:

- Moet nooit die werking van die bose onderskat nie.
- Moet nooit die krag van God deur Sy Seun Jesus onderskat nie.
- Moet nooit die krag van gebed en geloof onderskat nie.

Daardie krag oortref alles.

Daarom moet ons as produsente en produsente-organisasie nooit daardie krag minag nie, dan sal ons ook nie geminag word nie.

### Droogte:

Groot gebiede van NK, OK en Wes-Kaap gaan steeds onder 'n knellende droogte gebuk. Soos produsente die afgelope jaar verliese met vuur, koue en oorstromings gehad het, is produsente uitgelever aan die natuur. Daardie Heilige Krag waarvan ek so pas gesprok het, is ons enigste redding. Ons simpatie aan almal wat verliese gely het en steeds in die knyptang van droogte vasgevang is. Klimaatsrisiko's skep 'n nuwe uitdaging en ons as produsente moet onsself die vraag afvra, hoe gaan ons mededingend binne hierdie konteks bly?

My opregte dank aan groot skenkings deur verskeie organisasies, individue en Agri SA vir die pogings om Regeringshulp te beding. Ek spreek my misnoëë uit teenoor die onsimpatieke oor van ons Regering van die afgelope jaar, terwyl korruksie en diefstal aan die orde van die dag was en 'n onvermoë bestaan het om 'n einde daaraan te maak. Ek is nie 'n politikus nie en gaan my ook nie daarin begewe nie, maar ek hoop Dr Cronjé kan lig werp op 'n meer positiewe scenario na die afgelope verkiesing.

Ek wil verskeie individue in onderskeie distrikte bedank wat opgestaan het en onbaatsigtige diens lewer om hulp op 'n organisatoriese wyse ten opsigte van voerskenkings, te lewer.

### Wolmark

Die wolmark het met 'n ongekende styging gedurende die eerste 3 veilings geopen en sy supersiklus voortgesit. Vandaar het die mark afgeplat in 'n dalende fase vir die res van die seisoen, maar met steeds goeie pryse vir goeie merino wol. Beslis die einde van die supersiklus. Ons is verheug om steeds die hoë pryse te geniet in 'n uiterst moeilike ekonomiese jaar.

Die bek-en-klu situasie was 'n demper op die mark met veral kortwol wat onder druk gekom het. Ons as produsente moet die mark en sy bewegings dophou om vir die vraag te produseer.

By hierdie geleentheid wil ek my opregte dank uitspreek vir almal wat betrokke was om die probleem aan te spreek en op te los. Ook ons as produsente se opregte dank aan ons kopers wat gepoog het om die markprys stabiel te hou in 'n

onstabiele en onseker tyd. Daar was aan jul kant groot verliese en aanpassings nodig om dit te doen. Ons sien dit raak en ek is oortuig dat julle positiwiteit die wolbedryf in SA stimuleer.

### **Sustainable production**

Our congress theme this year is “sustainable wool”, and for good reason.

This is the driving force in the world of wool trade. How does this affect us as producers? Very simple!

If we do not improve and standardize our standard of production in all environments, we will lose our marketplace in international trade.

The increase in animal-based activism is part of a global trend and is showing no signs of slowing down. However, when our values are clear, decision-making will be much easier.

We need to:

- create a level playing field to be competitive in the business;
- lay foundations for the future, and to do that...
- investigate what it is society wants:

At this stage it is clear that animal welfare is high on the agenda.

We must communicate this journey with our fellow farmers to get to the point of understanding why we have to make these changes.

Niche markets require niche products; therefore we have to produce fibre like a caring industry. There is a new drive from Cape Wools SA to transform the old Code of Best Practice into a South African standard that could possibly lead to South Africa being a country forerunner in the world. If you aim, you aim for the bull and not the second best. The congress will deal with these proposals later today. Let's take a positive look at the changes. Challenges stimulate thinking that brings action towards perfection.

### **Biosekuriteit**

Die Bek-en-Klou uitbraak is 'n voorbeeld van hoeveel skade 'n negatiewe effek 'n bedryf kan berokken. Dis nodeloos om te praat oor waarom dit gebeur het en wat die swak punte in die skakels was. Dit is wel nodig om te besin oor wat ons te doen staan om 'n volgende krisis te voorkom.

Ons sien die uiterste noodsaaklikheid om ondersteuning en 'n oop-deur-verhouding van onderkeie departemente van regeringskant te hê.

Ons sien die belangrikheid

- van 'n politieke wil om landbou hoog op die agenda te plaas.
- om prosesse in plek te hê wat spoedeisende optrede tot gevolg kan hê.
- dat elke produsent die risiko's verstaan en dat elke plaas biosekuriteit as 'n nommer een praktyk sal hê, maak nie saak wat dit van ons vra nie.

Die goed wat ons bedryf kan skaad, is Bek-en-Klou, Slenkdal, PPR en Johnes. Ons vorder nie vinnig genoeg met Johnes nie en dit gaan ons hard slaan.

Die eenvoudige oplossing, is dit -

- Verander die siekte se status vanaf 'n verklaarde siekte na aanmeldbare siekte.
- Stel entstof beskikbaar en ent diere sonder dat 'n stiegma daaraan kleef.

Hoekom moet ons jare daaroor debateer en sukkel om Department Landbou en Veeartsenydienste daarvan te oortuig. Australië het die moeilike pad reeds geloop en die oplossing word op 'n skinkbord aangebied.

### **Predasie**

Vir die afgelope 90 jaar praat hierdie organisasie oor predasie en sal ons vir die volgende 90 jaar steeds daaroor praat, want predasie is deel van die natuur wat net soveel bestuur vereis as ons skaapkuddes. Omgewing, klimaat, boerderyomstandighede en beheermetodes verander voortdurend.

Die afgelope jaar was die PMF voor 'n kruispad met vele afgesonderde afdraaipaaie as opsigte.

Die afhandeling van die Wetenskaplike Waardering (Scientific Assessment), opgevolg met 'n suksesvolle werkswinkel vir alle belanghebbendes, het besluitneming vergemaklik. Die Aksie-komitee van die PMF het die volgende besluit.

- Om die finansiering van die PMIC te staak, bloot omdat ons 'n ander visie het wat meer waarde vir geld gespandeer kan toevoeg om die produsent op plaasvlak behulpsaam te wees.
- Om PMF as 'n wettige entiteit te registreer onder die naam Predation Management SA.
- Opleiding, kommunikasie en regstelling van norme en standardie asook wetgewing is die toekomstige fokuspunte.
- Om 'n Bestuurder aan te stel wat hierdie fokus kan dryf.

Die prosesse is reeds aan die gang om doelwitte voor einde Augustus 2019 te haal.

### **Adviesdiens:**

Die Cape Wools adviesdiens waarvan die NWKV die tender uitvoer, is 'n onontbeerlike diens vir die SA produsent. Die nasionale bestuur van die NWKV ag hierdie diens so belangrik dat die voortsetting van hierdie diens ononderhandelbaar is. Ons is dit egter eens dat die kontrak vele doelloose aspekte bevat wat in 'n meer relevante diens omskep kan word. Ons dink dit is noodsaaklik dat die volhoubaarheidstryf grootliks deel van hierdie diens kan wees.

Ons oopregte dank aan Louis en al die produksie-adviseurs vir hul gefokusde werk en diens aan die bedryf.

### **Communal**

60% of our budget is spent in the Communal areas. And rightly so, because it is our contribution to transformation, but also the area with the most potential for growth in wool production in South Africa, as well as development and improved market access. Livestock production is also a key to lift poverty, as already proven in the independent socio-economic studies of Dr Dave Tapson.

We realize that land ownership is a huge challenge in communal areas, but it is not the responsibility or priority of a producer organization to deal with this issue. This is a Government issue.

With the money and knowledge to our disposal, our responsibility lies with

- training,
- development and
- mentoring.

It is very difficult to serve the whole area with the available funds and staff, but we are trying our utmost to deliver a service from which the people can benefit and which is to the benefit of the wool industry.

We are well aware of the differences in two of our regions and we are in the process of trying to solve the problems. There are 3 questions that we must answer:

- What are our goals that we want to achieve?
- Is it in the interest of the whole community and every communal wool farmer?
- Is it in the interest of the wool industry?

Maybe it is time to give the communal areas more independence and wean them from Eastern Cape to form their own structure within the parameters of the constitution of the NWGA, and in line with the structures of provincial branches. I think it is decision time. Stay within our organization and stay together as wool farmers with a common goal. Or leave the NWGA with consequences that might damage the whole industry. My plea is to stay with us to the benefit of all.

### **Skeer**

Skeeropleiding bly steeds van kardinale belang. Hoewel die wêreldneiging in die guns van masjienskeer is, leen afgeleë plekke in SA en omstandighede in kommunale areas hom eerder daartoe vir handskeer. Ek verstaan nie regtig wat die

idee daaragter is nie, want in beide gevalle word diere op dieselfde basis hanteer. Die kruks van die saak is dat ons as produsente -

- ingerig moet wees om goeie fasiliteite aan skeerders te verskaf;
- goed opgeleide skeerders gebruik;
- so ingerig sal wees dat skeerders maksimum geld kan verdien; en
- skape volgens die nodige standarde hanteer word tydens die oes proses.

### **Industrie heffing**

Die vorige seisoen het ons 'n mandaat by ons lede gekry om die promosieheffing uit te brei na 'n industrieheffing om promosie, skeer opleiding, predasie en kommunikasie te befonds. Hierdie stap is gevvolg om finansiering in die toekoms te verseker wat vir ons as produsente belangrik is in die lig van knellende ekonomiese toestande. Ons is egter afhanklik van SAWAMBA om hierdie heffing te hef. Na vele onderhandelings het SAWAMBA nie sy weg oopgesien om hierdie voorstel te aanvaar nie. Onverstaanbaar volgens die redes gegee, maar waar!

### **Kommunikasie**

Die afgelope Bek-en-Klou situasie het weereens gewys hoe gebrekkig ons kommunikasiesisteem is. Blykbaar wil elkeen sukses vir homself toe-eien en almal is gretig om een of ander verklaring uit te reik wat homself goed kan laat lyk. Die bedryf sal homself so moet dissiplineer dat elkeen sy plek sal ken van hoe en waar om te kommunikeer. Net so sal ons as NWKV bestuur onsself so moet posisioneer om ons produsente diensooreenkomsdig in te lig. Soos wat nasionaal sekere kommunikasie doen, is provinsiaal ondergeskik daaraan. As ons hierdie beginsels nakom sal daar minder verwarring op voetsoolvlek wees.

### **Forum**

Die Wolforum is 'n geskepte struktuur met 'n bepaalde funksie. Die afskalining van magte van die Wolforum tydens herstrukturering 'n paar jaar gelede, het beslis 'n gebrek aan gesonde debat en besluitneming in die industrie teweeggebring. Dit is die NWKV se mening dat hierdie plek van debat meer gebruik moet word om rigtinggewend vir besluitneming binne Cape Wools te wees. NWKV sal poog om van produsente se kant die forum meer konstruktief te gebruik.

### **Lede**

Opregte dank aan al ons lede vir volgehoue ondersteuning en Besture wat moeite doen om ledebasis op datum te hou en nuwe lede in te skryf. Dank aan makelaars wat ledegelde namens ons vorder en oorbetaal. Alhowewel ons ons eie databasis het om noukeurig ledebasis en betalings te kontroleer, word 'n beroep op provinsiale kantore gedoen om toe te sien dat hierdie stelsel op datum is en tot sy volle potensiaal gebruik word.

### **Bedanking:**

Ek wil graag my twee Vise-voorsitters, SK en Billy, asook die Uitvoerende Komitee bedank vir hul volgehoue ondersteuning die afgelope jaar. Ook my opregte dank aan ons Hoofbestuurder, Leon, wat 'n anker vir my is, asook al die personeel vir jul hulpvaardigheid en uitstekende werksverrigting, gedurende die afgelope jaar. Ons het tans 'n deelnemende bestuur met 'n passie vir ons bedryf, wat my werk as voorsitter baie vergemaklik.

Ons borge maak 'n groot deel uit van ons suksesverhale. Ons dank aan almal, maar meer spesifiek aan Zoetes en Voermol wat eerder vennote as borge is. Julle massiewe bydraes maak 'n groot verskil!

### **Conclusion**

Our producer's approach to farming, animal welfare and producing wool, should be more focused on winning the hearts and minds of each other and the consumer, than battles to defend ourselves.  
We, as producers, have to be custodians of our circumstances, practices and products to be sustainable in future.

Take part and enjoy the 90th congress of the NWGA.